

DIE SKIETLOOD

Hierdie SKIETLOOD: 7e Uitgawe saam met
KOERSVAS

Uitgawe 8 Jaargang 1 8 Februarie 2013

Weereens oor hofsake

Op Donderdag 31 Januarie 2013 het die NHKA en die gemeente Welgelegen Pietersburg 'n dringende hofaansoek gebring om Oostelike Pietersburg te keer om hulle eiendom te vervreem deur dit aan 'n vereniging te skenk. Die hofaansoek het 'n nuwe dimensie aan die voortgaande botsings tussen die NHKA en die steeds Hervormers gebring. Daar is drie invalshoeke wat die SKIETLOOD wil toets vir diepte en akkuraatheid.

Die nuwe dimensie wat aan die stryd gebring is, is dat dit diep persoonlik gemeente teen gemeente geword het. Dit is waar dat dit persone en groepe vanuit die sH geledere is wat die eerste hofaansoeke gebring het. Die teiken van regsaksies teen die KommAKV was elke keer oor besluite en prosesse. Nou word gemeente teen gemeente afgespeel (vir die eerste keer in die Kerk se geskiedenis?) in so 'n mate dat die aansoek van die NHKA selfs vra dat Oostelike Pietersburg die regskoste moet dra! Regsgedinge wat voorheen op sake gerig was om die AKV se besluite en die Kommissie se gehoorsaamheid aan die **Kerkorde** te toets, het nou diep persoonlik geword met gevolge wat op 'n plattelandse dorp geslagte se verhoudings kontamineer. Terug na die drie sake wat getoets moet word.

1. Die eerste is die **beginselargument**. Ons hoef nie ver te gaan soek om te kan raaklees dat die Kommissie ontsteld is en

was oor die besluit van die Hervormde Kerkvereniging om die hofaansoek teen 54/69 te bring nie. In meer as een e-Hervormer, Hervormer en omsendskrywe is hewig kopsie gemaak teen die gaan na wêreldse howe aangesien "die NHKA meganismes het om die sake aan te spreek". Dit is meer as een keer as beginselargument aangevoer.

Nou is die NHKA die eerste applikant op 'n hofaansoek wat as dringend hanteer moet word. Wat het gebeur om die nuwe benadering te regverdig? Is een stel beginsels verruil vir 'n ander? "Nee" moet tog "nee" bly. Beginsels kan nie verruil word na willekeur nie. Is dit dalk dat die Kommissie kwaad is omdat hulle met regsaksies voorgesprink is?

In hierdie geval gaan dit dan nie om beginsels nie, maar oor tydsberekening. Gaan die Kommissie nou briewe en persverklarings uitstuur waarin hulle verskoning vra aan die ander wat hulle verwyt het omdat diegene hofsaksies begin het? Ten minste moet daar duidelik gestel word dat die Kommissie tog dink dat mens na die wêreldse hof kan gaan. Dit is net billik om te verwag dat hulle hul veroordeling van groepe soos die Hervormde Kerkvereniging sal terug trek en om verskoning vra.....

2. In die tweede instansie moet ons vra na die mandaat van die Kommissie van die AKV en daarmee saam die bestuursvaardigheid van 'n liggaam wat 'n interne stryd insieer en broer teen broer hof toe sleep (om hulle eie emosionele terminologie



te gebruik). Die dringende hofaansoek word gebring vir 19 Maart 2013 om 10:00. Die aansoek is 'n ruk gelede reeds ingehandig en daar is reeds 'n saaknommer toegeken. Hier begin die probleme en die vrae: Dit is 'n eenvoudige oefening om te kan bepaal dat die Kommissie nog op geen vergadering toestemming tot sodanige aansoek gegee het nie. In geen notule staan daar dat die Kommissie toestemming verleen aan die sekretaris en andere om 'n hofgeding te begin nie. Die vraag is nou na die wettigheid van die aansoek. Dit staan soos 'n paal bo water dat die Kommissie op sy vergadering van begin Maart 2013 hierdie aansoek sal goedkeur, al is dit net omdat hulle vertel gaan word dat hulle nie 'n keuse het nie, of daartoe gedwing en gemanipuleer word. Laat die reg toe dat 'n aksie in retrospeksie goedgekeur kan word? Hoeveel vryheid het die sekretaris om op te tree en dan later 'n mandaat te ontvang. Mag daardie mandaat dan aanvaar word?

Die vraag na die mandaat van die Kommissie moet ook vanuit 'n ander perspektief beskou word. Die begroting wat by die AKV goedgekeur word, bepaal die aksieveld van rade, komitees en kantore. By die 69e AKV is geen begroting ten opsigte van hofaansoeke goedgekeur nie. Ons moet verstaan dat onvoorsiene insidente tog verskuiwings in die begroting noodsaak. Die hofaksie van die Hervormde Kerkvereniging en die dringende aansoek van ds Steenkamp moet natuurlik teengestaan word. Ervare mense sal weet dat daar vir sodanige aksies ook voorsiening gemaak moet word en voorsiening vir regsdinge is waarskynlik onder sagter terme aan die AKV voorgehou en goedgekeur. Die bewe-

ring dat die Kommissie een miljoen rand beskikbaar gestel het vir die geveg teen die steeds Hervormers is verregaande. Indien dit waar is, is die Kommissie skuldig aan die begroting manipuleer buite aanvaarde perke van verskuiwing genoodsaak deur situasies. (Dit kan natuurlik gebeur dat hierdie aksie ook by retrospeksie goedgekeur sal word, die skynbaar nuwe aanvaarbare styl binne die NHKA). Die begroting wat goedgekeur is, maak nie voorsiening vir die bring van hofaansoeke nie. Nóg die besluite van die AKV, nóg die begroting regverdig dat die NHKA as eerste applikant verskyn op enige hofaansoek.

3. Die derde vraag is na die plek wat waarheid in die NHKA het. Die eintlike vraag moet wees na die moontlikheid van meened en tydsberekening. Neem Welgelegen gemeente as voorbeeld. Dit is duidelik dat druk op die predikant en die gemeente toegepas word vanuit die kantoor van die sekretaris van die NHKA. Die gemeente is ook ingelig dat die Kommissie die koste van die hofaansoek sal dra; mits die gemeente **nou** optree. Indien die gemeente later besluit om die hof te nader, sal dit skynbaar vir hul eie rekening wees. Onder hierdie druk is dit verstaanbaar dat sekere mense sal swig en 'n stryd sal begin teen 'n buurgemeente. Dit moet sekerlik met die nodige erns en omsigtigheid gedoen word. Die hele gemeente moet saamstem, die kerkraad moet laer trek en hulself verskans sodat daar enduit geveg kan word.

In die hofaansoek verklaar die predikant van Welgelegen onder eed die volgende: "*Ek is gemagtig deur die Kerkraad om hierdie aansoek namens die Tweede Applikant te*

bring. Ek het die eedsverklaring van Labuschagne deurgelees en bevestig die inhoud daarvan en in besonder bevestig ek die feite waarop die aansoek berus.”

Die hartseer en die oproer by die gemeente Sondag in die konsistorie en na die erediens, spreek boekdele. Daar was natuurlik die poging om die bring van die hofaansoek per konsistoriebesluit na die tyd te probeer deur druk. Kan dit ooit waar wees dat een gemeente *per konsistoriebesluit* 'n ander gemeente hof toe wil vat?! Die gemeente was nie eens deur sy kerkraad in kennis gestel van die kerkraad se voorneme nie en die reaksie deur hulle lidmate, ná die diens, verstaanbaar. Die sekretaris van die Kommissie van die AKV se beweerde liefdelose beloftes dat die Kommissie die steeds-Hervormers kaal sal uittrek, het gesprek van strydlystige wraak. Nou is daar besluit om by die vergadering van die Kerkraad, geskeduleer vir 11 Februarie, die aksie goed te keur en dieselfde te doen by die eersvolgende gemeentevergadering. Nou moet ons eerlik wees en vir mekaar sê dat die aansoek eers vir 19 Maart 2013 geskeduleer is. Teen daardie datum is dit, net soos in die geval van die Kommissie, moontlik dat die eedsverklaring van die predikant waar sal wees. Was dit waar ten tye van die aflê van die eed? Moet ons hierdie sien as 'n sterk profetiese eedsverklaring van iemand wat òf die toekoms kan sien, òf weet dat hy mense so kan manipuleer en stuur dat hulle die nodige toestemming sal verleen. Tog bly die vraag na die gebruik van die verlede tyd. Die verklaring stel dat die predikant deur die Kerkraad gemagtig is om sodanige aansoek te bring. Die speel met woorde wat by die

BAKV gemaak het dat die leuen in 54/69 verskans is, blyk steeds aan die orde van die dag te wees. Om soos 'n Luther te wil sê: "*hier staan ek, ek kan nie anders nie*", is om die minste te sê, 'n herskryf van ons protestantse herkoms. Onthou tog ook net Luther het gevra dat God hom moet help. God gaan nie help om die leuen te bevorder, of te verskans nie.

Skewe bouwerk, gedoen op fondasies van leuens, met geen diepte nie, - só bevind die SKIETLOOD!